

Bevoegdheidsimpak: 'n Vaardigheidstoepassing om vakkeusetevredenheid toe te lig

Outeurs:Zettie Venter
A Stott**Affiliësie:**

Fokusarea: Onderrig en leer, Suidkampus vir vir Oop-, Afstand- en E-leer, Universiteit van die Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein, 9300, Suid-Afrika

Korresponderende outeur:Zettie Venter
E-pos:
VenterEP@ufs.ac.za**Hoe om hierdie artikel aan te haal:**Zettie Venter, A Stott, Bevoegdheidsimpak: 'n Vaardigheidstoepassing om vakkeusetevredenheid toe te lig, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* 39(1) (2020). <https://doi.org/10.36303/SATNT.2020.39.1.836>**Kopiereg:**© 2020. Authors.
Licensee: *Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*. Hierdie werk is onder die Creative Commons Attribution License gelisensieer.

Perceived power: A capability application to inform subject choice-satisfaction: Parallel to a global decrease in learner numbers in science-related subjects, challenges relating to human development and sustainability exist. Arguably, these problems might be related, so we operationalised self-efficacy from social cognitive theory as part of a capabilities application, and scrutinised empirically whether learners were empowered by this when choosing subjects.

Mense kan hulle eie welstand verbeter deur op geleenthede te reageer waaraan hulle die meeste waarde heg. Sulke geleenthede is nie noodwendig binne bereik van en beskikbaar aan alle mense nie, dus is die ontwikkeling van selfdoeltreffendheid, volgens sosiaal-kognitiewe teoretici, belangrik, sodat mense meer beheer het oor die keuses wat hulle uitoefen, ten einde hulle lewenstrajek te kan bepaal. Vanuit die perspektief van sosiaal-kognitiewe teoretici kan sommige mense, ongeag die rol wat hulle sosiale omgewing speel, geleenthede kies om hulle persoonlike welstand te verbeter, en op daardie wyse hul lewenstrajek tot voordeel van hulle welstand te verander. Vanuit hierdie perspektief verduidelik teoretici dan dat persoonlike prestasie deels verklaar kan word deur die mate waartoe mense selfdoeltreffendheid inspan om hulle persoonlike bevoegdheid om te skakel na doeltreffende gedrag. Persoonlike prestasie word ook deels verklaar deur die mate waartoe selfdoeltreffendheid, tydens die bevordering van doeltreffende gedrag, selfbemagtiging bevorder. Vanuit die perspektief van die vaardigheidsbenadering is persone wat toegang tot voldoende selfbemagtiging het, daardie persone wat vanuit hulle onderskeie omgewings toegang het tot beskikbare geleenthede van persoonlike waarde. Wanneer persone geleenthede van persoonlike waarde beskikbaar het vir seleksie, beskou vaardigheidsteoretici hierdie persone as bemagtig om daardie geleenthede te kan omskep tot prestasie of behaalde geleenthede. Na ons mening is graad 10-leerders wat selfdoeltreffendheid beter inspan, beter bevoeg om hulleself te bemagtig ten einde geleenthede te kies waaraan hulle die meeste waarde heg. Die vakkeuse waaraan hulle die meeste waarde heg kan dan in alle waarskynlikheid tot 'n ervaring van keusetevredenheid lei. In hierdie studie stel ons 'n nuwe teoretiese konseptualisering voor: bevoegdheidsimpak. Met hierdie vaardigheidstoepassing wil ons, in die beperkte empiriese konteks van Graad 10-vakkeusetevredenheid, voorstel dat selfdoeltreffendheid as persoonlike bevoegdheid mense bemagtig ten einde hulle prestasie te bevorder in areas wat vir hulle persoonlik van waarde is. In ons steekproeftrekking is 541 Graad 10-leerders uit die Lejweleputswa-distrik in die Vrystaat, Suid-Afrika ingesluit. Die data-insameling en ontleding het in 2017 plaasgevind. Data is met behulp van meervoudige regressie ontleed en die model is aangepas ter wille van biografiese faktore en basiese geleenthede soos in die onderwys geïdentifiseer is. Numeries het ons gevind dat, betreffende keusetevredenheid van graad 10-leerders, leerders wat selfdoeltreffendheid beter inspan, ook beter keusetevredenheid ervaar rakende Fisiese Wetenskappe op post-verpligte vlak. Hierdie afleiding kan gemaak word aangesien die bevindings 'n statisties beduidend positiewe verhouding tussen selfdoeltreffende gedrag en keusetevredenheid, rakende Fisiese Wetenskappe toon. Die invloed van selfdoeltreffende gedrag op keusetevredenheid, alhoewel klein, is onafhanklik van biografiese faktore en basiese beskikbare geleenthede in die onderwys. Gegronde op hierdie ontleding maak ons die afleiding dat leerders wat selfdoeltreffendheid beter kan toepas, waarskynlik beter bemagtig is om op 'n persoonlik bevoegde manier op te tree en keuses te maak wat hulle persoonlike welstand bevoordeel. Gevolglik verklaar ons dat selfdoeltreffendheid, ten spyte van persoonlike omstandighede, gesien kan word as 'n vaardigheid wat mense kan bemagtig om geleenthede van persoonlike waarde na te volg ten einde hulle eie welstand te bevorder. Hierdie studie maak 'n bydrae tot die kwantifisering van vaardighede en die beskrywing van bemagtigende hulpbronne.

Nota: 'n Seleksie van referaatopsommings: Studentesimposium in die Natuurwetenskappe, 31 Oktober – 1 November 2019, Universiteit van die Vrystaat. Reëlingskomitee: Prof Rudi Pretorius (Departement Geografie, Universiteit van Suid-Afrika); Dr Hertzog Bisset (Suid-Afrikaanse Kernenergie-korporasie); Dr Ernie Langner (Departement Chemie, Universiteit van die Vrystaat) en Dr Wynand Nel (Departement Rekenaarwetenskap en Informatika, Universiteit van die Vrystaat).